



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2013

MEMORANDUM

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word NIE geenaliseer NIE, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie geenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is
- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks:
 - sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
 - indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

VRAAG 1**TEKS A: SPORT: LAAT KINDERS KIES!** [Verwerk uit: *Huisgenoot*, 3 Februarie 2011]

617 woorde

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
1.1	“onseker” (EEN WOORD)	1	2	1	1
1.2	B in dieselfde situasie is.	1	2	2	2
1.3	<ul style="list-style-type: none"> • Dit impliseer dat die kind glo hy kan goed daarin doen. • Dit impliseer dat dié sportsoort die ideale/beste een is. • Dit impliseer dat dit die sportsoort is waarvan die kind nog altyd gedroom het om te beoefen. • Dit verwys na die sportsoort waarvan die kind baie hou. (Of soortgelyk) 	1	2	1	3
1.4	<ul style="list-style-type: none"> • Hy was groot gebou. • Hy was sterk. (TWEË redes) 	2	2	1	1

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
1.5	<ul style="list-style-type: none"> Hy kon nie byhou met die oefening nie. Hy was altyd laaste. (TWEË dinge) 	2	2	1	1
1.6	Hulle het hom geboelie.	1	2	1	1
1.7.1	Figuurlik	1	2	2	3
1.7.2	<ul style="list-style-type: none"> Dit beteken dat hy gou seergekry het. Hy het gou jammer gevoel vir ander. Hy was baie sensitief. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	2	3
1.8	<ul style="list-style-type: none"> Kinders moet self hulle sportsoort kies. Ouers moenie die sportsoort vir die kind kies nie. Respekteer jou kinders se keuses. (Enige EEN) 	1	2	2	2
1.9	Kobus het 'n (interessante) dokumentêre program op televisie oor karate gesien.	1	2	1	1
1.10	“in sy noppies” (DRIË opeenvolgende woorde)	1	2	3	1
1.11	<ul style="list-style-type: none"> Kobus het goed presteer./André het nie goed presteer nie. Kobus het goed in karate gevaar./André het nie karatetoernooie gewen nie. Kobus het baie sertifikate en medaljes gewen./André het nie gewen nie. (Enige EEN. Verskil tussen Kobus en André moet duidelik uitstaan.) 	2	2	2	2
1.12	Hy het meer selfvertroue gekry.	1	2	2	1
1.13	<ul style="list-style-type: none"> Hy het dapper geword. Hy het sterk geword. (Enige EEN) 	1	2	1	1

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
1.14	Ja. <ul style="list-style-type: none"> • Net wenners kry erkenning. • Wenners kry pryse. <p style="text-align: center;">OF</p> Nee. <ul style="list-style-type: none"> • Wen is nie alles nie. • 'n Mens moet net jou bes doen en tevrede wees met die resultaat. • Sport help jou om fiks te bly. • Sport help jou om deel van 'n span te wees. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	1	3
1.15	“Ondersteun en motiveer jou kinders ewe veel.”	1	2	1	2
1.16	<ul style="list-style-type: none"> • Dit trek die leser se aandag. • Dit is 'n bevel. • Dit beklemtoon die opskrif. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	2	3
SUBTOTAAL: 20					

TEKS B: VOORBLAD [Verwerk uit: *Huisgenoot*, 25 November 2010]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
1.17.1	“Prinses Kate!”	1	2	3	2
1.17.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die lettergrootte dui die belangrikheid aan. • Die volbladfoto van die prinses ondersteun dit. • Die uitroepteken dui op die belangrikheid. • Die opskrif is in hoofletters geskryf. (Enige TWEE of soortgelyk) 	2	2	3	2
1.18	<ul style="list-style-type: none"> • Om geskenke te adverteer. • Om mense aan te moedig om inkopies te gaan doen. (Enige EEN) 	1	2	2	1
1.19	B gelukkig	1	2	2	2
1.20	Ses (6) jaar oud	1	2	3	1
1.21	<ul style="list-style-type: none"> • (Die tydskrif) het 'n prys gewen (as die tydskrif van die jaar). • (Die tydskrif het) die Advantage Admag-toekenning gekry. (Enige EEN) 	1	2	1	1

1.22	<ul style="list-style-type: none"> • Om die leser nuuskierig te maak. • Om die leser te oorreed om die artikel te lees. • Die leser wil 'n antwoord op die vraag hê. • Die saak is nie opgelos nie. (Enige EEN) 	1	2	3	3
1.23.1	“Wen 'n Nissan Livina X-gear!”	1	1	1	1
1.23.2	<ul style="list-style-type: none"> • Om die motor bekend te stel. • Om die kompetisie te ondersteun. • Om die leser te laat sien wat gewen kan word. • Om die leser te laat sien hoe die motor lyk wat gewen kan word. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	2	3
SUBTOTAAL: 10					

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
 - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
 - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne (eerste 75 woorde) van hierdie paragraaf nagesien.

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE

Die hoofgedagte kan in 'n volsin of in 'n sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.	TAALPUNTE
1–3 feite korrek	1
4–5 feite korrek	2
6–7 feite korrek	3

SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)

Feit	7
Taal	3
=	10

LET WEL**Formaat:**

- Selfs indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied word, moet dit geassesseer word.
- Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

Woordtelling:

- Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.
- Indien die kandidate se opsomming te lank is (meer as 70 woorde), word 5 ekstra woorde toegelaat en die res van die opsomming word nie nagesien nie.
- Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

VRAAG 2: HOE OM JOU AFRIKAANS TE VERBETER[Verwerk uit: <http://www.holderstebolder.co.za>]

256 woorde

Direkte aanhaling	Moontlike verwerking
1. Sukkel jy met Afrikaans? Daar is maniere waarop jy op jou eie jou punte in Afrikaans kan verbeter! Een van die maniere waarop jy jou punte kan verbeter, is deur jou woordeskat uit te brei.	Brei jou woordeskat uit.
2. Kyk na Afrikaanse televisieprogramme. Daar is programme soos <i>7de Laan</i> , <i>MK89</i> en <i>Kwêla</i> op die <i>KykNET</i> -kanaal. As jy voel jy het nie genoeg tyd in die week nie, kan jy Sondae springmielies voor die televisie sit en eet en die <i>7de Laan</i> -omnibus geniet.	Kyk na Afrikaanse televisieprogramme om jou taal te verbeter.
3. Luister na goeie Afrikaanse radioprogramme. As jy na die programme luister terwyl jy jou huiswerk doen, hoor jy Afrikaans. Op <i>Radio Sonder Grense</i> is daar goeie programme vir tieners. <i>Befonk</i> is 'n spesiale radioprogram wat handel oor alles wat vir jongmense belangrik is.	Jy kan na Afrikaanse radioprogramme luister om Afrikaans te hoor.
4. Daar is baie Afrikaanse liedjies wat gewild is onder jongmense wie se moedertaal nie Afrikaans is nie. Luister na Afrikaanse musiek. As jy nie weet waar om te begin nie, kyk 'n bietjie na <i>MK89</i> en luister na die radio.	Gewilde Afrikaanse liedjies/musiek kan jou help om jou Afrikaans te verbeter.
5. Die meeste leerders gebruik 'n woordeboek net wanneer hulle opstelle skryf. Gebruik woordeboeke ook as jy 'n woord hoor wat jy nie ken nie. 'n <i>Pharos</i> Skoolwoordeboek is goed, want dit sluit nuwe woorde in.	Gebruik 'n woordeboek om nuwe woorde aan te leer. Woordeboeke help jou om nuwe woorde se betekenis na te slaan.
6. Ou eksamenvraestelle is 'n waardevolle hulpmiddel. Werk dus die vorige vraestelle uit om uit jou foute te leer. Die foute wat jy byvoorbeeld in opstelle en taalkunde gemaak het, sal jou bewus maak van jou probleemareas en jy kan seker maak dat jy nie weer dieselfde foute begaan nie.	Beantwoord ou vraestelle om uit jou foute te leer.
7. Het jy vriende wat goed in Afrikaans is? Gesels net in Afrikaans met jou vriende. Mag hierdie wenke jou help om jou Afrikaans te verbeter.	Praat Afrikaans met jou vriend.
TOTAAL AFDELING B: 10	

AFDELING C: TAAL**ASSESSERINGSRIGLYNE****WOORDSTRUKTURE**

- Spelling moet korrek wees om punt te verdien.
- Die standaardvariant geld.

SINSTRUKTURE

- Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, hoef die hele sin nie uitgeskryf te word nie.

Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.

VRAAG 3: ADVERTENSIE [Verwerk uit: *Rooi Rose*, 18 Oktober 2011]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK VLAK
3.1	<ul style="list-style-type: none"> • Die gebruik van die uitroepteken gee die stelling meer trefkrag. • Dit trek 'n mens se aandag. • 'n Opdrag het meer impak as 'n versoek. (Enige EEN. Die punt word toegeken vir die korrekte antwoord en nie vir taal nie)	1	4	2: Identifiseer en evalueer verskillende sinstipes.	3
3.2	<ul style="list-style-type: none"> • Dit roep die leser informeel op om betrokke te raak. • Dit laat die leser deel van die advertensie voel. (Enige EEN of soortgelyk)	1	4	6: Advertensietegniek: identifiseer en bepaal die waarde van so 'n aanspreekvorm.	3
3.3	waarvoor	1	4	1: Vorm die korrekte betreklike voornaamwoord.	2
3.4	<ul style="list-style-type: none"> • Dit verwys na 'n spesifieke woordeboek. • Die aksent word gebruik om te verwys na 'n spesifieke woordeboek. (Die punt word toegeken vir die korrekte motivering en nie vir taal nie.)	1	4	3: Advertensietegniek. Om te bepaal of die leerder die konteks van die advertensie verstaan.	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK VLAK
3.5	D ontvang	1	4	1: Gebruik sinonieme gepas.	1
3.6	doodseker	1	4	1: Gebruik versterkte/intensiewe vorm korrek.	1
3.7	<ul style="list-style-type: none"> Charlene Truter sê: “Ek verkies hierdie/daardie woordeboek.” ✓vir korrekte leestekens ✓vir woordorde	2	4	2: Gebruik direkte rede korrek.	2
3.8	<ul style="list-style-type: none"> Die sluitingsdatum is (op) 30 Maart 2013. Die sluitingsdatum sal (op) 30 Maart 2013 wees. (Enige EEN) 	1	4	2: Skryf 'n verkorte weergawe in 'n volsin.	2
3.9	Die wenner van die vorige prystrekking was meneer Soldatos (gewees).	1	4	2: Gebruik verlede tyd korrek.	2
SUBTOTAAL: 10					

VRAAG 4: STROKIESPRENTE [Uit: <i>Beeld</i> , Maart 2010]					
VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK VLAK
4.1	biertjie	1	4	1: Gee die korrekte verkleiningsvorm.	1
4.2	Helga vra vir Hägar of hy✓ van die groen rok hou.✓	2	4	2: Gebruik indirekte rede korrek.	2
4.3	onseker	1	2	1: Woordeskat. Lei betekenis af van beelde, ens.	3
4.4	<ul style="list-style-type: none"> Vrouens sal altyd lank vat om aan te trek. Vrouens gaan altyd lank vat om aan te trek. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	1: Gebruik die toekomstige tyd korrek.	2
4.5	haar	1	4	1: Gebruik die voornaamwoord korrek.	3
4.6	A takke	1	4	2: Gebruik 'n wye verskeidenheid van figuurlike taal soos idioome gepas.	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK VLAK
4.7	Vandag leef die mense groen om ander bewus te maak van natuurbewaring. (Of soortgelyk)	1	4	3: Kritiese taalbewustheid.	3
4.8	vrouens/die vrou	1	4	3: Identifiseer stereotipering.	3
4.9	bekers	1	4	1: Gebruik meervoudsvorm korrek.	1
SUBTOTAAL:		10			

VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**TEKS F: ARTIKEL** [Verwerk uit: *Huisgenoot*, 11 November 2011]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK VLAK
5.1	Voel jy dat jou skoolwerk vir jou te veel raak?	1	4	2: Leestekens. Plaas vraagteken/ uitroepeteken aan einde van sin.	1
5.2	gedurende	1	4	1: Identifiseer en verbeter die spelfout.	1
5.3	Melissa sê: “ ’n Mens moet sjokolade of koffie vermy.” Melissa sê: “ Vermy sjokolade of koffie.” ✓ vir korrekte leestekens ✓ vir woordorde	2	4	2: Gebruik direkte rede korrek.	2
5.4	sjo ko <u>la</u> de	1	4	1: Korrekte gebruik van ’n woordeboek om aksent te bepaal.	2
5.5	Jy behoort genoeg slaap te kry.	1	4	2: Gebruik onbepaalde wyse soos infinitief behoort+te+ww.	2
5.6	veertien	1	4	1: Gebruik korrekte spelling.	1
5.7	’n Studieroetine moet (deur jou) ontwikkel word.	1	4	2: Gebruik passiewe vorm gepas en korrek.	2
5.8	neem	1	4	2: Gebruik korrekte werkwoord.	2
5.9	vriendin	1	4	1: Gebruik geslag korrek.	1
5.10	Dalk verkies jy om elke dag ’n bietjie te werk sodat die werk nooit te veel raak nie.	1	4	2: Gebruik voegwoorde akkuraat.	2

5.11	lei	1	4	1: Identifiseer die korrekte homofoon.	1
5.12	<ul style="list-style-type: none"> As jy 'n bietjie moeg voel nadat jy geleer het, kan jy vinnig om die blok gaan stap. ... kan jy vinnig om die blok gaan stap. (Enige EEN) 	1	4	2: Gebruik die korrekte woordorde.	1
5.13	rustige	1	4	2: Gebruik byvoeglike naamwoord korrek.	2
SUBTOTAAL:		14			

TEKS G: PRENT [Uit: <i>Huisgenoot</i> , Maart 2011]					
VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK VLAK
5.14	agter/by	1	4	2: Gebruik voorsetsel korrek.	2
5.15	gesinslewe	1	4	1: Vorm samestellings korrek.	2
5.16	Die meisie is nie tevrede met die boodskap wat sy gekry het nie.	1	2	2: Gebruik die ontkennende vorm korrek.	3
5.17	A gemaklik voel	1	2	1: Lei betekenis af van beelde.	2
5.18	donkerder	1	4	1: Gebruik trappe van vergelyking korrek.	1
5.19	glimlaggende	1	4	2: Gebruik deelwoorde korrek.	2
SUBTOTAAL:		6			
TOTAAL AFDELING C:					40
GROOTTOTAAL:					80

